

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: DESEMBER 2017

Geagte HSAG-belegger / Mnr / Mev / Mej [Customer Name]

Hierdie nuusbrief is aan u as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) gerig op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en u lidmaatskap by en/of ondersteuning van die HSAG .

Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting kan bekom.

Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

In hierdie nuusbrief bevestig ons weer die doelwit waarvoor die HSAG gestig is, die befondsing van die Klas-aksie, die jongste stand van regsaksies en terugvoer op media-navrae.

1. KERSFEESBOODSKAP

Die HSAG-bestuur wil graag hiermee elke getroue belegger hartlik bedank vir sy/haar getroue ondersteuning gedurende 2017, en wil ons graag van hierdie geleentheid gebruik maak om vir elke belegger ’n Geseënde Kersfees en ’n Voorspoedige Nuwe Jaar toe te wens.

Ons vertrou dat u die komende feestyd sal geniet, en wil ons u graag daarop attent maak dat Theron & Vennote Prokureurs se kantore sluit op 22 Desember 2017 en weer sal heropen op 10 Januarie 2018.

Indien u dus enige verdere navrae ten aansien van administratiewe aangeleenthede en / of allokasies het, moet u asseblief voor/op 22 Desember 2017 met ons kantore in verbinding tree.

2. OORSIG VAN GEBEURE VIR 2017

Soos u reeds bewus is het die HSAG het tot stand gekom uit ’n groot groep ongelukkige beleggers dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika in die Highveld Sindikasiemaatskappye (HS15-22) wat besluit het om ’n regsgeeding teen mnr Nic Georgiou en andere vir die skades en verliese wat hul in die onsuksesvolle HS15-22 maatskappye gely het, in te stel.

Ten spyte van mnr Nic Georgiou se poging om aan die einde van 2016 die HSAG te saboteer gaan die aansoek vir die sertifisering van die klas-aksie en die tersydestelling van die Reëlinskema steeds in alle erns voort en wag ons tans vir ’n verhoordatum van die Registrateur van die Appèlhof. Die onttrekking van die voormelde aansoeke deur die eertydse applikante nadat hul in November 2016 in die geheim met Mnr Georgiou geskik het en ander prokureurs aangestel het om die tersaaklike aansoeke terug te trek het ’n

onnodige oponthoud veroorsaak. In 2017 is nie minder nie as elf Hooggeregshof-aansoeke aangehoor in die Pretoria en Johannesburg Hooggeregshofe waarvan vier te make het met die herinstelling van die sertifisering van die klas-aksie en tersydestelling van die Art 155-Reëlinskema sowel as die voeging van die nuwe applikante tot die HSAG. Nog vier sake het gehandel oor die aansoek vir verlof tot appèl in die sertifiseringsaansoek vir 'n klas-aksie en die tersydestelling van die Art 155-Reëlinskema en die voeging van nuwe applikante.

Drie ander aansoeke is ook gebring, waarvan twee deur mnr Helgard Hancke, wat tussenbeide wou tree om die verrigtinge te vertraag en een deur me Charlene Jordaan, 'n voormalige HSAG-applikant, wat geskik het en 'n beëdigde verklaring wou voeg. Geeneen van die aansoeke was suksesvol nie. Twee aansoeke van Mnr Hancke en Me Jordaan is ten gunste van die HSAG beslis en met koste van die hand gewys en in die derde aansoek het die hof nie eers Mnr Hancke se aansoek in die hofbeslissing oorweeg of genoem nie.

In 2016 het mnr Nic Georgiou plegtig onderneem om met die HSAG-lede wat bereid was om die 50%-skikking te aanvaar, te skik. Mnr Georgiou het nie sy ooreenkoms gestand gedoen nie. Vir die eerste maande van 2017 het die HSAG gepoog om 'n skikkingsooreenkoms met mnr Nic Georgiou te sluit, maar is dit vanweë Mnr Georgiou se leë beloftes, onttrek. Verder in 2017 het die Hooggeregshof te Pretoria en Johannesburg 'n belangrike regspraak (of Nominale Applikante in die sertifisering van 'n klas-aksie sodanige aansoek eensydig mag terugtrek), na die Hoogste Hof van Appèl (HHA) verwys, deur om verlof tot appèl aan die Respondente op 'n bespoedigde basis toe te staan.

Volgens die Regter Murphy bestaan daar dwingende redes om nuwe reg in Suid-Afrika tot stand te bring, aangesien soortgelyke toekomstige onttrekkings kan verreikende gevolge op alle toekomstige klas-aksies hê.

Beide Regters Ismail en Murphy het die belangrikheid van die HSAG-aangeleentheid erken asook die moontlike vertraginge wat sodanige verwysing na die HHA mag veroorsaak, maar het die Regters bevestig dat die Registrateur van die HHA genader mag word vir die aanhoor van beide appèl aangeleenthede op 'n bespoedigde basis. Die normale appèl-proses buite die bestek van 'n bespoedigde aanhoor, mag moontlik die Klas-aksie onnodig vertraag. Normaalweg sou Mnr Georgiou en Orthotouch se appèlrekords eers in Februarie 2018 by die Hoogste Hof van Appèl geliasseer kon word. Weens die bespoedigde proses het Orthotouch se prokureurs vroeg in Desember 2017 bevestig dat die rekords binnekort geliasseer sal word.

Die partye se regsverteenwoordigers het ooreengekom dat die twee aansoeke só ooreenstem dat beide die Pretoriase en Johannesburgse Appèle tegelykertyd aangehoor sal word. Dit is intussen deur die Registrateur bevestig. Ons wag tans nog op 'n datum vir die aanhoor van die Appèl.

Die teenkant dra die verantwoordelikheid om die bundels vir alle partye tot die appèl voor te berei, en is die indekse van voormelde bundels reeds gefinaliseer. By finalisering van die bundels sal die HHA 'n datum vir die aanhoor van die appèl aankondig, en sal ons kantore u onverwyld verwittig van sodanige datum in 'n toekomstige nuusbrief.

Die HSAG het verdermeer in 2017 moeite gedoen om kontak met die HSAG-lede te vergroot. Amptelike Afrikaanse en Engelse WhatsApp-groepe is gedurende Julie 2017 op die been gebring, en het die HSAG positiewe terugvoer daaromtrent ontvang. Hierdie amptelike WhatsApp-groepe word gebruik om nuusbrokkies aan beleggers te stuur; om beleggers van die nuutste verwickelinge rondom die litigasie in te lig; moontlike slaggate wat beleggers moet vermy (bv. 'n privaatskikking met Orthotouch) uit te wys en dies meer.

Beleggers wat steeds wil aansluit by bovermelde WhatsApp-groepe, kan gerus hul selfoonnommer; identiteitsnommer; volle naam en van, na hsactiongroup@gmail.com stuur. Die HSAG het ook 'n Facebook-blad begin en die amptelike Facebook-blad kan by www.facebook.com/hsaction besigtig word.

Sedert Mei 2017 het mnr Francois Strauss by die HSAG-bestuurskomitee aangesluit. Mnr Strauss is 'n besigheidsman/finansiële adviseur van die Wes-Kaap en is ook 'n belegger en Applikant in die HSAG aangeleenthede teen mnr Nic Georgiou en ander.

In Augustus het mnr Helgard Hancke twee Aansoeke in beide die Hoër Howe van Pretoria en Johannesburg ingedien en geliasseer vir verlof om tussenbeide te tree in die Aansoeke vir Verlof tot Appèl van die teenkant. Hierdie aansoeke is beide later teruggetrek en het Mnr Hancke aangebied om die party-party koste te betaal.

Voorts is 'n vergadering met die Saakbestuurder, Regter Sharise Weiner, gehou en het Regter Weiner na aanleiding hiervan die Respondente beveel om alle kontakbesonderhede van die HS-beleggers aan die HSAG te verskaf. In die lig van bogenoemde appelle wag ons steeds vir bogenoemde inligting.

Die HSAG ontvang steeds gereeld navrae ten aansien van die implikasie van Orthotouch se moontlike likwidasie, en berig ons graag weer daaroor. Betreffende die **moontlikheid dat Orthotouch gelikwieder sou word en beleggers se maandelikse paaieimente terugbetaal moet word is aangespreek en was** 'n skriftelike opinie vanaf 'n Advokaat aangevra.

Hierdie opinie stel dit duidelik dat die likwidateurs nie sondermeer in staat sal wees om die maandelikse rentebetalings/inkomste soos aan HSAG-beleggers betaal, terug te eis nie.

Hier volg 'n opsomming van die Advokaat se redes:

- Die maandelikse betalings word gemaak ingevolge 'n verpligting wat Orthotouch opgedoen het kragtens die Reëlinskema, welke verpligting opgedoen is in ruil vir die verkryging van verskeie vaste eiendomme van die Hoëveld-maatskappye. Betalings deur Orthotouch is derhalwe nie “sonder teenwaarde” nie, soos bedoel in artikel 26 van die Insolvensiewet van 1936 (“die Wet”), en gelde kan gevolglik nie teruggeëis word ingevolge hierdie artikel nie;
- Wat betref artikels 29 en 30 van die Wet, sal een krediteur (soos 'n belegger) nooit bo 'n ander bevoordeel kan word solank as wat betalings deur Orthotouch gemaak word in ooreenstemming met die formule soos vervat in die reëlinskema dokument nie;

- Betalings wat deur Orthotouch gemaak word is gemaak in die “gewone loop van besigheid”. Dit is ’n verdere rede waarom die Likwivateurs nie die gelde kan terugeis nie;
- Orthotouch se krediteure is Hoëveld-maatskappye. Dit is die Hoëveld-maatskappye wie, by ontvangs van die maandelikse betalings van Orthotouch, op hulle beurt die beleggers betaal. Dit beteken dat die Likwivateurs van Orthotouch slegs ’n potensiële eis teen die Hoëveld maatskappye het – en nie teen die beleggers nie;
- Sou die Hoëveld maatskappye ooit gelikwieder word, sal die likwivateurs nie betalings kan terugeis nie vir soortgelyke redes as wat hierbo uiteengesit word.
- Die HSAG is glad nie ten gunste van likwidaties nie en het nog nooit gedreig of gepoog om Orthotouch of selfs die HS-maatskappye te likwieder nie.
- Indien u al die korrespondensie van die betrokke partye nagaan sal u merk dat slegs mnr Georgiou en sy ondersteuners die dreigemente ten aansien van likwidasie gemaak het. Likwidasie sal die laaste uitweg vir die HSAG wees.

Die vraag is ook geopper oor wat van die rentebetalings sal word indien Orthotouch gelikwieder moet word? In so ’n geval sal die likwivateur verplig wees om, so ver moontlik, die verpligtinge van Orthotouch na te kom. Hiervoor sal hy alle bates van Orthotouch, insluitend waarborge en “sekuriteite” wat deur derde partye gegee is ter nakoming van Orthotouch se verpligtinge, te gelde maak en/of oproep ten einde betalings van rente (en kapitaal) aan beleggers te maak.

Dit het onder die aandag van die HSAG gekom dat die HSBF (bedryf deur mnr. Helgard Hancke) die beplande tydskedule met betrekking tot die HSBF se 55%-skikkingsaanbod aangepas het. Individue wat suksesvol aansoek gedoen het vir die HSBF-skikking (wat op 31 Oktober 2017 gesluit het) sal volgens mnr Hancke nou eers hul eerste betaling op 7 Maart 2018 ontvang.

Die HSAG wil beklemtoon dat ’n skikking deur die HSBF met mnr Nic Georgiou / Orthotouch geen waarborg bied dat betalings uiteindelik sal realiseer nie. Inteendeel, ons word meegedeel dat persone wat aan die begin van die jaar met Mnr Georgiou deur middel van Helgard Hancke vir 50% geskik het, nog net één betaling ontvang het, en daarna niks weer nie.

Die HSAG is nie gekant teen enige skikking met mnr. Nic Georgiou / Orthotouch nie, maar sal dit **net** doen as die belange van die HSAG-lede beskerm word en mits voorsiening gemaak word vir die moontlikheid dat indien mnr Georgiou / Orthotouch nie aan die ooreenkoms voldoen nie, beleggers kan voortgaan as lede van die HSAG klas-aksie. Dit is tans nie die geval met die skikkingsooreenkoms van mnr Helgard Hancke (deur die HSBF) namens mnr Nic Georgiou / Orthotouch nie, aangesien die beleggers **beslis** hul regte in gevaar gestel het deur die ondertekening van die huidige kontrak.

Die HSAG-lede word weereens gewaarsku om baie versigtig te wees (en selfs regsadvies van hul eie prokureurs te verkry) wanneer hulle sake doen om met die eienaar Nic

Georgiou / Orthotouch buite die HSAG te onderhandel, aangesien dit tot nadeel van hul regte kan lei en baie riskant is.

3. DRYFVEER EN DOELWITTE VAN HSAG

Die hoofdoelstelling van die HSAG bly steeds om die Hooggeregshof van Suid-Afrika by wyse van aansoek te nader vir die verkryging van hofbevele namens beleggers in HS 15-22 wat beveel dat 'n Klas-aksie/s teen mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente in te stel vir die verhalings van skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 gely het. Die ontevrede beleggers voel dat mnr Nic Georgiou nog nie 'n enkele keer, sedert hy by die Highveld Sindikasiemaatskappye betrokke geraak het, sy ooreenkomste nagekom het nie en dat die gereg sy gang moet gaan.

Die twee onmiddellike sake waarby die HSAG tans betrokke is, is die sertifisering (registrasie) van die Klas-aksie asook die tersydestelling van 'n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappyyewet. Die Reëlinskema behels onder andere dat mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente algeheel kwytgeskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid. Die hofbekragtiging ten opsigte van die Reëlinskema was heimlik verkry en moet tersyde gestel word om die verhalingsproses teen individue voort te sit.

4. LEDE-BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Befondsing van 'n saak met 'n beskermbare belang van R4 600 000 000 is en sal sekerlik altyd een van 'n aksiegroep se grootste uitdagings wees. Baie persone voel gegrief en verontreg omdat hulle van hul lewensspaargeld ontnem is. Hulle is daarby kwaad omdat hul voel dat die regering se masjinerie en meganismes disfunsioneel is en hulle nie teen hul skades en verliese beskerm word nie en dat hulle nou hul hand in eie boesem moet steek om die geld wat hulle verloor het, terug te vorder.

Dit is van uiterse belang dat HSAG-lede seker moet maak dat hul registrasie- en regskoste so spoedig as moontlik op datum gebring word, ten einde die HSAG-prokureurs in staat te stel om die saak namens die beleggers te dryf.

Lede word versoek om voort te gaan om hul ondersteuning aan die HSAG te toon in die proses waardeur die enorme verliese deur die beleggers gely, verhaal word, deur getrou hulle jaarlikse finansiële bydraes tot die HSAG te lewer. Alhoewel dit 'n las plaas op die administrasie van die HSAG, kan die jaarlikse bydraes selfs in paaiemente betaal word.

Ons kan u die versekering gee dat daar uiters versigtig gewerk word met die ledebydraes wat ontvang word. Alle fondse met betrekking tot die HSAG word in 'n aparte trustrekening betaal vir onder andere regskoste, uitgawes en die administrasie van die HSAG, welke groep uit ongeveer 7 000 individue bestaan.

Hierdie rekening wat spesifiek vir dié doel deur die HSAG-prokureurs geopen is, word behoorlik geoudit deur onafhanklike ouditeure. Die HSAG-prokureurs hef slegs fooie en uitgawes soos en wanneer dit nodig is en dit nadat die werk reeds gedoen is. Nieteenstaande die enorme bedrag, van etlike miljarde rande betrokke by die eis, asook die geweldige tyd en energie wat die saak buite gewone kantoor-ure en selfs oor naweke verg, het die prokureurs tot dusver slegs hul normale regsfooie gehef en is ten volle opbetaal tot einde Maart 2015 vir werk gedoen.

Ons versoek u dus ernstig om 'n daadwerklike poging aan te wend om u lede-bydraes op datum te bring ten einde u saak vorentoe te neem.

5. 2017 HSAG-INLIGTINGSESSIES

Gedurende Oktober 2017 het die HSAG-bestuur op versoek van HSAG-lede besluit om inligtingsessies as proeflopies in verskillende streke te hou om vas te stel of daar 'n behoefte daarvoor bestaan en of dit prakties uitvoerbaar is. Dit sou ook dien as geleentheid om beleggers in te lig oor die geskiedenis van die HS-maatskappye en om die regsproses van die HSAG se klas-aksie te verduidelik.

Drie inligtingsessies was op 2, 3 en 24 November 2017 onderskeidelik in Port Elizabeth (Oos-Kaap), Mosselbaai (Wes-Kaap) en die Paarl (Wes-Kaap) aangebied. Die sessies het goed afgeloop en die bywoning in die eerste twee gevalle was bo verwagting.

Daar is in breë trekke verduidelik wat 'n klas-aksie is, dat dit nuwe reg behels en dat die omvang van die getal eisers baie groot is. Die voor- en nadele asook die regsposisie van klas-aksies is bespreek.

Die samestelling van die HSAG-regsspan is uiteengesit. Hierdie span bestaan uit Theron & Vennote, Senior en Junior Advokatuur en korrespondente met uitstekende ondervinding in die bedryf.

Die proses van die besigheidsredding en waarvoor dit nodig was, is uitgelig en aan die hand hiervan is die doelstellings van die HSAG oorgedra. Daar is verwys na die feitestel en meriete van die saak asook die regte wat die HS-beleggers tot hul beskikking het.

Omdat die beleggers graag wou weet hoe lank die saak nog kan duur is ook na die verloop van sake en belangrike gebeure verwys. Sodoende kon die beleggers kennis neem dat daar inderwaarheid vele aangeleenthede was wat alreeds aandag in die hof geniet het. Redes vir die skikkingsvoorstel en uiteindelijke onttrekking van die skikkingsonderhandelinge is verskaf en die gevare van die voorgestelde HSBF-skikking is uitgelig.

Te midde van dreigemente van die HSBF, 'n Georgiou-platform, dat Orthotouch en HS-maatskappye moontlik gelikwedeer gaan word, is die onderwerp aangeraak en is die moontlike uitwerking daarvan op die HSAG-beleggers verduidelik aan die hand van die advokaatsopinie soos deur die HSAG-bestuurskomitee aangevra.

Na afloop van die inligtingsessies wat as toetslopias aangebied is, en weens die aansienlike belangstelling in die sessies en die bywoning daarvan, het die HSAG-Bestuur besluit om vas te stel wat die behoefte is vir die aanbod van verdere HSAG-inligtingsessies wat moontlik vir 2018 geskeduleer sal word. Die HSAG-bestuur sal die sukses van die inligtingsessies opweeg teenoor die kostes daarvan en vroeg in die nuwe jaar terugvoer gee oor die beoogde inligtingsessies vir 2018.

6. SURVEY MONKEY RESULTATE

Die HSAG wil graag hul dank uitspreek teenoor elke belegger wat die moeite gedoen het om die jongste HSAG-meninglys op ons webtuiste (via "Survey Monkey") te voltooi. Laasgenoemde vraelys is 'n belangrike wyse waarop die HSAG die mening van sy lede kan bepaal.

Hiermee 'n kort uiteensetting van die jongste resultate:

- 99.50% van die HSAG-lede glo dat die enigste manier waarop geregtigheid teen Mnr Georgiou sal geskied is by wyse van 'n regsding in die hof.
- 81.54% van HSAG-lede het geweet dat die terugkoopsooreenkomste vervat in HS21 en 22 ook gedek word deur die HSAG se voorgenome klas-aksie.
- 95.48% van HSAG-lede het geweet dat die HSAG 100% van sy lede se kapitaal en rente terugeis vanaf Mnr Georgiou en ander Respondente.
- 95.98% van die HSAG-lede is van mening dat die HSAG moet voortgaan om 100% vanaf Mnr Georgiou en sy familie te eis.
- 91.88% van HSAG-lede weet dat, indien hul nie by die HSAG geregistreer is nie, hul eise ten aansien van HS19-22 asook die terugkoopsooreenkomste heelwaarskynlik deur die Hof van die hand gewys sal word omrede die eise daarvoor reeds verjaar het.
- 90.00% van die HSAG-lede weet dat persone, wat nie geregistreerde lede van die HSAG is nie, uitgesluit kan word van die klas-aksie en dat die "uittree"/ "opt out" opsie verander is na 'n geslote groep, wat slegs HSAG-lede insluit.
- 96.97% van die HSAG-lede is van mening dat Mnr Georgiou slegs die HS-beleggers se eise sal betaal indien 'n Hoër Hof 'n bevel tot hierdie effek uitreik.
- 84.26% van die HSAG-lede is van mening dat Mnr Georgiou / Orthotouch nie 'n kommersiële skikkingsooreenkoms sal eerbiedig nie.
- 78.06% van die HSAG-lede is bewus daarvan dat Orthotouch finansiële probleme ondervind en gereguleer word deur die Art 155-Reëlinskema.
- 93.43% van die HSAG-lede het geweet dat persone wat 'n skikkingsooreenkoms met Orthotouch aangaan, hul eise teen Mnr Georgiou sal verloor.
- 86.36% van HSAG-lede is bewus daarvan dat die sogenaamde "HSIF/HSBF"webtuiste deur Mnr Georgiou geïnisieer is in 'n poging om verdeeldheid en skeiding te bring onder die HSAG-lede.
- 91.92% van die HSAG-lede weet dat die Helgard Hancke, Elna Visagie en Herman Lombaard nou vir Orthotouch / Mnr Georgiou werk en ondersteun.

- 94.67% van die HSAG-lede het nog nie volle betaling ingevolge Orthotouch se tweede opsie (40%) ontvang nie.
- 78.35% van die HSAG-lede is lede van 'n amptelike WhatsApp-inligtingsgroep.
- 60.51% van die HSAG-lede is in die posisie om die vereiste jaarlikse bydrae van R2 000 by te bring.
- 77.44% van die HSAG-lede toon belangstelling om die HSAG-inligtingsessie in hul omgewing by te woon.
- 82.83% van die HSAG-lede was bewus dat registrasie vir HSAG op 30 November 2017 sou sluit.
- 52.36% van die HSAG-lede is van mening dat HSAG-lidmaatskap nie opgeskort behoort te word in gevalle waar persone nog nie hul registrasie kostes (vanaf 2014) ten volle vereffen het nie.
- Die HSAG glo dat daar krag in samesyn (“strength in unity”) bestaan. 98.99% van die HSAG-lede glo dat die duisende HSAG-lede se ondersteuning en bystand, tot 'n suksesvolle litigasie (hofsak) teen Mnr Georgiou en ander sal lei.
- 97.97% van die HSAG-lede het nie die “petisieform”, wat per instruksie van Mnr Georgiou deur die "HSIF/HSBF" gesirkuleer is, voltooi nie.

7. KOSTE

Vanuit die staanspoor is HSAG-lede in kennis gestel dat, afhange van die ondersteuning en samewerking van voornemende HSAG-eisers, dit verwag kan word dat jaarlikse bydraes van die HSAG-lede aangevra sal moet word. Registrasie-, administrasie- en regs-koste is van tyd tot tyd betaalbaar en is nie-terugbetaalbaar nie. Die kostes vir 2018 sal weereens R2 000 per persoon wees. Verskeie versoeke dat persone met groot beleggings addisioneel moet bydra, is ontvang en sal dit vroeg in 2018 oorweeg word.

8. WAT OM IN 2018 TE VERWAG

In 2018 moet die Hoogste Hof van Appèl te Bloemfontein, die belangrike regsvraag oorweeg of 'n Nominale Applikant (dus 'n belegger wat slegs 'n “plekhouer” is, en wie duisende ander beleggers verteenwoordig) in 'n klas-aksie uit eie beweging sodanige aansoek om 'n klas-aksie te sertifiseer, asook die aansoek om Orthotouch se Reëlinskema tersyde te stel, kan terugtrek.

Bovermelde regsvraag is nog nooit voorheen in die Suid-Afrikaanse reg oorweeg nie, en sal die HHA se beslissing daaromtrent geweldige verreikende gevolge vir klas-aksies in die toekoms inhou. Indien die HHA Regters Ismail en Murphy se beslissings bekragtig, sal die HSAG kan voortgaan met die aansoek om die klas-aksie te sertifiseer, sowel as om voort te gaan met die aansoek om die Reëlinskema tersyde te stel. Soos reeds hierbo vermeld, is ons tans in afwagting vir 'n datum wat deur die HHA toegeken moet word, vir die aanhoor van die petisies soos geopper deur Mnr Nic Georgiou en Orthotouch.

Die HSAG is tans in die proses om 'n debietorder-fasiliteit vir agterstallige beleggers te implementeer, en sal beleggers vroeg in 2018 met verdere inligting oor voormelde verskaf word.

In 2018 beoog die HSAG-bestuur dat die Inligtingsessies voortgesit word, en sal beleggers in ons Januarie 2018 nuusbrieff verdere inligting oor moontlike nuwe datums vir die Inligtingsessies ontvang. In tussentyd moet u asseblief die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za dophou vir enige verdere verwickelinge ten aansien van die Inligtingsessies.

9. LAAT-AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Laat-aansoeke sal op 'n streng *ad hoc* basis oorweeg word. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za, beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos na hsagregister@gmail.com stuur om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltoide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

Vriendelike groete
HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:
Tel: (021) 887 7877
hsactiongroup@gmail.com